Geïsoleerde wingerd by Lelienfontein.

Geharde stokke – vir meer volhoubare wingerde

Lelienfontein Wingerdkwekers is strategies besig met aksies teen die bekamping van rolblaar, met die doel om die stand van moederblokke in Suid-Afrika te verbeter deur hul moederblokke in geïsoleerde areas te vestig en sodoende die rolblaarvirus te vermy.

Die Bosman-familie van Wellington se wingerdkwekery, Lelienfontein, probeer reeds vanaf 2004 verseker dat onderstokmateriaal ook van die rolblaarvirus geïsoleer is en dus word grondves-aanplantings in geïsoleerde areas gedoen. Persele is gevestig in Leeu-Gamka, Merweville, Ceres-Karoo, Klein-Karoo, Bo Hemel-en-Aarde-vallei en ander lae-risiko gebiede. Tans is daar sowat 60 ha reeds in produksie.

Volgens Lelienfontein se kwekery bestuurder, Jannie Bosman, is hierdie virus waarskynlik die grootste bedreiging vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf. “Almal is bewus daarvan dat rolblaar die leeftyd van wingerde verkort,” sê Jannie.

’n Bostok-grondvesperseel wat jaarliks stok-vir-stok getoets word vir die rolblaarvirus, is in die Bo Hemel-en-Aarde-vallei gevestig. Hierdie grondvesperseel bestaan uit 47 kultivars en 115 klone wat ’n voedingsbron van skoon materiaal verseker.

Lelienfontein gebruik ook hierdie perseel vir oesgegewens, lootmassa en druifgeurvergelykings. Rolblaarvrye stokke word met mekaar vergelyk om die beste klone te selekteer vir vermeerdering.

Lelienfontein reserveer ook verder ’n wesenlike gedeelte van sy entprogram om van hierdie skoon materiaal te ent vir die vestiging van moederblokke. “Daar word gepoog om jaarliks sowat 225 000 skoon stokke in moederblokke te vestig, vir die volhoubare voorsiening van hoë kwaliteit entmateriaal,” vertel Jannie.

“Die effek van so ’n gesonde en meer ekonomies volhoubare stok – indien die produsent ook suksesvol sou wees om die virus te kan beveg in die kommersiële wingerd – is dat die wingerd se ekonomiese leeftyd verleng kan word. ’n Verlenging van 10 tot 15 jaar kan moontlik ’n groot finansiële voordeel vir die produsent inhou.”

Volgens hom is Lelienfontein ernstig oor die virus-status van sy entmateriaal en sal dit in die toekoms steeds strategieë aanpas om die gevaar van spesifiek rolblaar te bekamp.

LELIENFONTEIN
Wingerdkwekers · Vine Growers

Jannie Bosman • Lelienfontein Wingerdkwekers • Tel 021 864 1705
jannie@vinegrowers.co.za